



**Afrikaans in die Noord-Kaap:
Nuwe perspektiewe op taal, literatuur
en kultuur**

'n konferensie aangebied deur die

**DIE DEPARTEMENT AFRIKAANS &
NEDERLANDS**

(Universiteit van Wes-Kaapland)

en

DIE SKOOL VIR GEESTESWETENSKAPPE

(Sol Plaatje-Universiteit)

2-3 November 2017

Agtergrond

Die departement Afrikaans & Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), in samewerking met die Skool vir Tale aan die Sol Plaatje Universiteit (SUP) in Kimberley, bied van 2 tot 3 November 2017 'n konferensie aan oor die Noord-Kaapse Afrikaanse streektaal en –letterkundes. Dit is daarom gepas dat die konferensie gehou word op die kampus van dié Noord-Kaapse universiteit.

Ons beweegrede is dat Afrikaans as taal slegs kan gedy as alle Afrikanse variëteite gelyke status het, én as meer aandag aan al die variëteite van die taal bestee word as wat tans die geval is. Onderliggend is die standpunt dat die meeste sprekers van die taal uit die bruin gemeenskap kom, van wie talle uit plattelandse gebiede waar streektaalvorme besonder lewend is. Hierdie byeenkoms is dus 'n broodnodige geleentheid om hernude aandag te vestig op die verskeidenheid Afrikaanse taaluitings en kulturele vorme in die Noord-Kaap, asook om kwessies en uitdagings aan die orde te stel. Dit is die ideale geleentheid vir rolspelers, akademici, navorsers, kultuurwerkers en studente om opnuut te fokus op geleenthede en projekte wat kan lei tot die bewaring en uitbouing van die Afrikaanse taalerfenis.

Die doel van die konferensie is om bestek op te neem van bestaande navorsing oor die streektaalvorme en letterkundes in die Noord-Kaapse variëteit (-e) en om nuwe perspektiewe op die rol van dié streek in die Afrikaanse taal te belig. 'n Aantal vooraanstaande akademici sal voordragte lewer, terwyl skrywers, voordragkunstenaars, belanghebbendes in die kultuursektor en studente die geleentheid sal kry om hul stem te laat hoor in dié belangrike gesprekreëks.

Van die akademici wat aan die woord sal wees, is prof. Jacques van Keymeulen van die Universiteit Gent in België, wêreldbekende dialektoloog wat al baanbrekende studies oor die Wes-Vlaamse dialekte gedoen het. In sy voordrag werp hy nuwe lig op die ontwikkeling van Afrikaans deur dié taal met verskillende Nederlandse kusedialekte, waaronder Vlaams, te vergelyk. Die bekende taalkundige, prof. Christo van Rensburg, beantwoord in sy aanbieding die tergende vraag: Wat het van Khoi-Afrikaans geword?

Van die ander bydraes fokus op onder meer die uitdrukking en bewaring van die Noord-Kaapse kultuur en identiteit in die dig- en rapkuns, die herlewing van die riel, streeksletterkunde as meer as net nostalgie en 'n bestekopname van die Afrikaanse streekverhaal. Die leeskultuur van voorgraadse studente aan 'n Noord-Kaapse

universiteit kom in die soeklig, terwyl onderskeidelik die taalgebruik van tieners in die Noord- en Wes-Kaap, en die verborge Katolieke wortels van Afrikaans in dié streek aan die orde kom. Etlke kundiges, kunstenaars en ander belanghebbendes kom deel hul kennis oor onder meer storievertel-, lees- en skryfprojekte.

Die doel is om uiteindelik 'n boek en/of artikels te publiseer sodat nuwe stukrag gegee kan word aan die studie van Noord-Kaapse taalvorme en letterkundes. Ons hoop dat meer kulturele produkte in die nabye toekoms hieruit sal voortspruit.

Die geleentheid word ook aangebied as 'n afskeid van prof. Frank Hendricks wat aan die einde van 2017 aftree. Prof. Hendricks het hom in sy lang loopbaan onderskei as taalkundige van formaat en het verskeie toonaangewende publikasies die lig laat sien. Die mees onlangse boek is die essay-bundel *Kaaps in fokus* met nuwe perspektiewe op die Kaapse variëteit van Afrikaans. Hy werk die laaste tyd aan studies oor Oranjerivierafrikaans en sal by die konferensie 'n bundel met sy jongste taalkundige navorsing, getiteld *Taalkundige essays - 'n gerf uit die vroegskemer*, bekendstel.

Voorlopige program

Lokaal:

Donderdag, 2 November 2017

| TYDGLEUF | SESSIE |
|---------------|--|
| 08:00 – 08:45 | Registrasie |
| 08:45 – 9:00 | Verwelkoming en opening: Prof. Yunis Ballim, rektor en vise-kanselier (SPU) |
| 09:00 – 9:45 | Hooflesing: Prof. Frank Hendricks (UWK): Oranjerivierafrikaans: van aanklopper tot binnevaarder |
| 9:45 – 10:15 | Prof. Elvis Saal (Unisa) en dr. Donovan Lawrence (UJ): “Ons skryf soos ons praat” : Taalveranderinge in die geskrewe Afrikaans van Wes- en Noord-Kaapse tieners |
| 10:15 – 10:45 | Prof. Victor Teise (SPU) en dr. Lionel Snyders (SPU) Leespatrone van eerstejaar- en tweedejaarstudente in die vak Afrikaans aan ’n Noord-Kaapse universiteit |
| 10:45 – 11:30 | TEE |
| 11:30 – 12:00 | Prof. Wium van Zyl (UWK): ’n Waild-ghoes-tjys? Die soeke na die siel van die kontrei |
| 12:00 – 12:30 | Dr. Marni Bonthuys (UWK): Die voorstelling van die Noordweste as ruimte in drie digbundels |
| 12:30 – 13:00 | Prof. Steward van Wyk (UWK): Spore in die sand, oftewel regionale literatuur en aktualiteit: ’n perspektief uit Noord-Kaapse prosatekste |
| 13:00 – 14:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 – 14:30 | Dr. Annie Klopper (UWK): ’n Voorlopige ondersoek na rap as voortsetting van Afrikaanse mondelinge praktyke in Namakwaland met verwysing na V.I.T.O. |
| 14:30 – 15:00 | Prof. Gertrude Fester (SPU): Motiewe en temas in die skryfwerk van gevangenes in die Noord-Kaap |
| 15:30 – 16:00 | Elias P. Nel: Die riel: ’n kultuurpraktyk wat uit stof en as herrys |
| 18:00 | SKEMERKELKIE Verwelkoming: Prof. Jesmael Mataga (hoof: Skool vir Geesteswetenskappe, SPU) Boekbekendstelling: Prof. Frank Hendricks (UWK) – <i>’n Gerf uit die vroegskemer: Taalkundige essays</i> Voorlesings en optredes: Elias P. Nel, Jolyn Phillips en Siska Julius |

Lokaal:

Vrydag, 3 November 2017

| | |
|---------------|---|
| TYDGLEUF | SESSIE |
| 08:30 – 09:00 | Registrasie |
| 09:00 – 09:30 | Prof. Christo van Rensburg (NWU): Wat het van Khoi-Afrikaans geword? |
| 9:30 – 10:00 | Prof. Jacques van Keymeulen (Ugent): Het Vlaams en de variëteiten van het Afrikaans |
| 10:00 – 10:30 | Anastasia de Vries (UWK): Afrikaans se Katolieke wortels in die Noord-Kaap |
| 10:30 – 11:00 | TEE |
| 11:30 - 13:00 | Paneelsessie: skrywers, kunstenaars, kultuurwerkers <ul style="list-style-type: none">• Mark Kotze (radiopersonlikheid): Afrikaans in die kunste en vermaaklikheid in die Noord-Kaap• Fatima Allie: Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans se storievertelprojek: Verlorenvlei-stories• Janine Brown: Die Afrikaanse Taalmuseum en –monument se storievertelprojek in die Noord-Kaap |
| 13:00 – 14:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 – 15:00 | Paneelsessie: Projekte, samewerking, befondsing <ul style="list-style-type: none">• Dr. Danny Titus (ATKV): Doman, Autshomao, Krotoa: die groter sandbak van Afrikaans• Suné van Rooyen (UWK): Die verrekening van Noord-Kaapse Afrikaans in kortverhale met 'n blik op leemtes in huidige navorsing oor taalvariasie• Dr. Marga Stander (SPU): Projekte om Noord-Kaapse leerders blootstelling te gee aan akademiese skryfwerk in Afrikaans |
| 15:00-15.30 | SAMEVATTING EN AFSLUITING |

BORGE



Sport, Arts and Culture

Department:
Sport, Arts and Culture
NORTHERN CAPE PROVINCE

